

Die Sintaksis van die deelwoord: 'n Vergelykende studie van die  
deelwoordgebruik in Hebreeus, Aramees en Siries met spesifieke verwysing na  
die boek Joël.

Roedolf, (C) Jacobus du Plooy:

(B.A., B.A. Honns., B.D., Nagraadse Dipl. Teologie).

Skripsie goedgekeur vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die  
graad Magister Artium in die Departement Semitiese Tale aan die  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. H.F. van Rooy

POTCHEFSTROOM

1990

## VOORWOORD

Aan die einde van my Magister-studies wil ek graag die volgende persone bedank:

- My vrou Eleen vir haar finansiële en morele ondersteuning.
- My dogtertjie Jacolé vir haar ondersteuning in die vorm van glase en glase koeldrank.
- Familie en vriende vir al hulle ondersteuning.
- Prof. H.F. van Rooy vir sy leiding, motivering en hulp met die navorsing van die studie.
- Die personeel van die Departement Semitiese Tale.
- Gerda van Niekerk vir die tik van die skripsie.
- Herman Malan vir die taalversorging.
- My grootste dank aan ons Skepper vir al Sy onverdiende genade aan my.

SOLI DEO GLORIA

OPGEDRA AAN: MY VROU ELEEN, JACO EN JACOLÉ

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1:

### BLADSY

#### INLEIDING

1.1.	PROBLEEMSTELLING	1
1.2.	NOODSAAK VAN AKTUALITEIT VAN HIERDIE STUDIE	2
1.3.	DOEL VAN DIE KOMMERSIËLE STUDIE	2
1.4.	BEGRENSING VAN DIE STUDIE	2
1.5.	METODE VAN ONDERSOEK	3
1.6.	KEUSE VAN DIE BOEK JOËL	3
1.7.	UITEENSETTING EN EVALUERING VAN BRONNE	3
1.8.	SLOT	4

### HOOFSTUK 2:

#### AGTERGROND VIR DIE STUDIE

2.1.	'N DEFINISIE	5
2.2.	OORSIG TEN OPSIGTE VAN DIE KLASSIFIKASIE VAN DIE SEMITIESE TALE	6
2.2.1.	NOORD-OOS SEMITIESE GROEP	6

2.2.2.	SUID-WES SEMITIESE GROEP	7
2.2.3.	NOORD-WES SEMITIESE GROEP	7
2.3.	OORSIG TEN OPSIGTE VAN DIE TEKS EN VERTALINGS VAN DIE BOEK JOËL SOOS GEBRUIK IN HIERDIE SKRIPSIE	9
2.3.1.	DIE HEBREEUSE TEKS VAN DIE BOEK JOËL	9
2.3.2.	DIE ARAMESE TARGUM	11
2.3.3.	DIE SIRIESE PESHITTA	12
 <u>HOOFSTUK 3:</u>		
 <u>WERKWOORDE IN DIE SEMITIESE TALE</u>		
3.1.	INLEIDING	14
3.2.	VERSKEIE TEORIEË ONDER DIE LOEP	14
3.3.	DIE STAMFORMASIES IN DIE SEMITIESE TALE	17
3.4.	DIE MODI VAN DIE WERKWOORDE IN DIE SEMITIESE TALE	18
3.5.	DIE TYDSLEER IN DIE SEMITIESE TALE	18
3.6.	DIE SINTAKSIS VAN DIE PERFECTUM EN IMPERFECTUM	19
3.6.1.	DIE HEBREEUSE TAAL	20
3.6.1.1.	DIE PERFECTUM WORD SOOS VOLG GEBRUIK	20

3.6.1.2.	DIE IMPERFEKTUM WORD SOOS VOLG GEBRUIK	21
3.6.2.	DIE SIRIESE TAAL	22
3.6.2.1.	DIE PERFEKTUM	22
3.6.2.2.	DIE IMPERFEKTUM	23
3.6.3.	DIE ARAMESE TAAL	23
3.6.3.1.	DIE PERFEKTUM IN BYBELSE ARAMEES	24
3.6.3.2.	DIE IMPERFEKTUM IN BYBELSE ARAMEES	24
3.6.3.3.	DIE SINTAKSIS VAN DIE PERFEKTUM EN IMPERFEKTUM IN TARGUM-ARAMEES	25
3.6.4.	SAMVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE SINTAKSIS VAN DIE PERFEKTUM EN IMPERFEKTUM	26
3.6.4.1.	DIE PERFEKTUM	26
3.6.4.2.	DIE IMPERFEKTUM	27
3.7.	DIE SINTAKSIS VAN DIE DEELWOORD	27
3.7.1.	INLEIDING	27
3.7.2.	SPESIFIEKE ELEMENTE VAN DIE DEELWOORD	32
3.7.2.1.	GESLAGSAANDUIDING	32
3.7.2.2.	GETALSAANDUIDING	33

3.7.2.3.	DIE SINTAKTIESE GEBRUIK VAN DIE DEELWOORD IN DIE SINSVERBAND	34
3.7.3.	DIE SINTAKSIS VAN DIE HEBREEUSE DEELWOORD	35
3.7.3.1.	DIE AKTIEWE DEELWOORD	35
3.7.3.2.	DIE PASSIEWE DEELWOORD	36
3.7.4.	DIE SINTAKSIS VAN DIE SIRIESE DEELWOORD	37
3.7.4.1.	DIE AKTIEWE DEELWOORD	37
3.7.4.2.	DIE PASSIEWE DEELWOORD	38
3.7.5.	DIE SINTAKSIS VAN DIE ARAMESE DEELWOORD	39
3.7.5.1.	DIE AKTIEWE BYBELSE ARAMESE DEELWOORD	41
3.7.5.2.	DIE PASSIEWE BYBELSE ARAMESE DEELWOORD	42
3.8.	SAMEVATTING	42

#### HOOFSTUK 4:

#### DIE DEELWOORDE IN DIE ONDERSKEIE TALE

4.1.	DIE DEELWOORDE IN DIE HEBREEUSE TEKS	43
4.1.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE	43
4.1.2.	DEELWOORDE MET 'N ADJEKTIEWE FUNKSIE	47

4.1.2.1.	AKTIEWE DEELWOORDE IN 'N ATTRIBUTIEWE POSISIE	47
4.1.2.2.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE FUNKSIE	48
4.1.2.3.	AKTIEWE DEELWOORDE MET PREDIKATIEWE FUNKSIE	50
4.2.	DIE DEELWOORDE IN DIE ARAMESE VERTALING	54
4.2.1.	DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE	54
4.2.1.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE	55
4.2.1.2.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE	57
4.2.2.	DEELWOORDE MET 'N ADJEKTIEWE FUNKSIE	58
4.2.2.1.	AKTIEWE DEELWOORDE IN 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE	58
4.2.3.	AKTIEWE DEELWOORDE IN 'N PERIFRASTIESE KONSTRUKSIE	77
4.2.4.	PASSIEWE DEELWOORDE MET ADJEKTIEWE FUNKSIE	79
4.2.4.1.	PASSIEWE DEELWOORDE IN 'N ATTRIBUTIEWE POSISIE	79
4.2.4.2.	PASSIEWE DEELWOORDE MET PREDIKATIEWE FUNKSIE	80
4.3.	DIE DEELWOORDE IN DIE SIRIESE VERTALING	83
4.3.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE	83
4.3.2.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N ADJEKTIEWE FUNKSIE	85
4.3.2.1.	AKTIEWE DEELWOORDE IN 'N ATTRIBUTIEWE FUNKSIE	85

4.3.2.2.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE	86
4.3.3.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ADJEKTIEWE FUNKSIE	99
4.3.3.1.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE	99
4.3.4.	DEELWOORDE MET 'N AANVULLENDE FUNKSIE BY DIE VOORAFGAANDE DEELWOORD	101
4.4.	SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE DEELWOORD IN HEBREEUS, ARAMEES EN SIRIES	102
4.4.1.	DIE HEBREEUSE TEKS	102
4.4.2.	DIE ARAMESE VERTALING	103
4.4.3.	DIE SIRIESE VERTALING	103
4.4.4.	SAMEVATTING	103

## HOOFSTUK 5:

### 'N VERGELYKING TEN OPSIGTE VAN DIE DEELWOORD GEBRUIK TUSSEN DIE SIMITIESE TALE

5.1.	DIE HEBREEUSE TEKS IN VERGELYKING MET: .....	104
5.1.1.	DIE ARAMESE VERTALING	104
5.1.1.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N DEELWOORD MET DIESELFDE FUNKSIE	104

5.1.1.2.	AKTIEWE DEELWOORDE MET SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGE- GEE WORD DEUR 'N DEELWOORD WAT PREDIKATIEF GEBRUIK IS NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	105
5.1.1.3.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK NA 'N RELATIEWE PARTIKEL IN 'N BETREKLIKE BYSIN OF MET 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD WEERGE- GEE WORD	105
5.1.1.4.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N PERFECTUM IN 'N BETREKLIKE BYSIN	106
5.1.1.5.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNK- SIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N PASSIEWE DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK IN 'N BETREKLIKE BYSIN	107
5.1.1.6.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK IN 'N BETREKLIKE BYSIN	108
5.1.1.7.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKAAT FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD	109
5.1.1.8.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKAAT FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD	109
5.1.2.	DIE SIRIESE VERTALING	110
5.1.2.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGE- GEE WORD MET 'N DEELWOORD MET DIESELFDE FUNKSIE UIT DIE SIRIESE TEKS	110

5.1.2.2.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGE- GEE WORD DEUR 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN DIE SIRIESE TEKS	111
5.1.2.3.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGE- GEE WORD MET 'N DEELWOORD MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	112
5.1.2.4.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK IN 'N BETREKLIKE BYSIN NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	112
5.1.2.5.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N PASSIEWE DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK IN 'N BETREKLIKE BYSIN NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	113
5.1.2.6.	NIFAL PASSIEWE DEELWOORDE MET AKTIEWE BETEKENIS MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD IN DIE SIRIESE TEKS	114
5.1.2.7.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE WAT WEERGE- GEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD IN DIE SIRIESE TEKS	115
5.1.2.8.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N BYVOEGLIKE NAAM- WOORD IN DIE SIRIESE TEKS	116
5.1.3.	'N SAMEVATTING VAN DIE DEELWOORDGEBRUIK IN DIE HEBREEUSE TEKS IN VERGELYKING MET DIE ARAMESE EN SIRIESE VERTALINGS (PARAGRAWA 5.1.1, EN 5.1.2.)	117
5.1.3.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N DEELWOORD MET DIESELFDE FUNKSIE	117

5.1.3.2.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	118
5.1.3.3.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK IN 'N BETREKLIKE BYSIN NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	118
5.1.3.4.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD	118
5.1.3.5.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N PASSIEWE DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK IN 'N BETREKLIKE BYSIN NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	118
5.1.3.6.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N DEELWOORD PREDIKATIEF GEBRUIK IN 'N BETREKLIKE BYSIN NA 'N RELATIEWE PARTIKEL	119
5.1.3.7.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD MET DIESELFDE FUNKSIE	119
5.1.3.8.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD	119
5.1.3.9.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N PERFECTUM IN 'N BETREKLIKE BYSIN	119
5.2.	DIE ARAMESE VERTALING IN VERGELYKING MET: ....	120

5.2.1.	DIE HEBREEUSE TEKS	120
5.2.1.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN DIE HEBREEUSE TEKS	120
5.2.1.2.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN DIE HEBREEUSE TEKS	121
5.2.1.3.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT GEEN EKWIVALENT IN DIE HEBREEUSE TEKS HET NIE OMDAT DIE ARAMESE VERTALING 'N UITBREIDING OP DIE HEBREEUSE TEKS IS	121
5.2.1.4.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD IN DIE HEBREEUSE TEKS	122
5.2.1.5.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKAAT FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N PERFЕKTUM IN DIE HEBREEUSE TEKS	122
5.2.1.6.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N IMPERFЕKTUM IN DIE HEBREEUSE TEKS	123
5.2.1.7.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN DIE HEBREEUSE TEKS	124
5.2.1.8.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD IN DIE HEBREEUSE TEKS	125

5.2.1.9.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N PASSIEWE DEELWOORD IN DIE HEBREEUSE TEKS	126
5.2.1.10.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT NIE IN DIE HEBREEUSE TEKS VOORKOM NIE OMDAT DIE ARAMESE VERTALING 'N UITBREIDING IS VAN DIE HEBREEUSE TEKS	126
5.2.1.11.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PERIFRASTIESE KONSTRUKSIE WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N PERFECTUM OF IMPERFECTUM IN DIE HEBREEUSE TEKS	127
5.2.1.12.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT NIE WEERGEGEE WORD IN DIE HEBREEUSE TEKS NIE OMDAT DIE ARAMESE VERTALING 'N UITBREIDING VAN DIE HEBREEUSE TEKS IS	128
5.2.2.	DIE SIRIESE VERTALING	128
5.2.2.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN DIE SIRIESE TEKS	128
5.2.2.2.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT WEER- GEGEE WORD MET 'N PASSIEWE DEELWOORD IN DIE SIRIESE TEKS	129
5.2.2.3.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT GEEN EKWIVALENT IN DIE SIRIESE TEKS HET NIE OMDAT DIE VERTA- LINGS VERSKIL	130

5.2.2.4.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD DEUR 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD IN DIE SIRIESE TEKS	130
5.2.2.5.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N PERFECTUM IN DIE SIRIESE TEKS	131
5.2.2.6.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N IMPERFECTUM	132
5.2.2.7.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD MET DIESELFDE FUNKSIE IN DIE SIRIESE TEKS	133
5.2.2.8.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE IN DIE SIRIESE TEKS	133
5.2.2.9.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N BYVOEGLIKE NAAM- WOORD IN DIE SIRIESE TEKS	134
5.2.2.10.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N PASSIEWE DEEL- WOORD MET DIESELFDE FUNKSIE IN DIE SIRIESE TEKS	135
5.2.2.11.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N KOPULA PREDIKATIEWE FUNKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N AKTIEWE DEELWOORD MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN DIE SIRIESE TEKS	136
5.2.2.12.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PERIFRASTIESE KONSTRUKSIE WAT WEERGEGEE WORD MET 'N IMPERFECTUM IN DIE SIRIESE TEKS	137

5.2.2.13.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT NIE WEERGEGEE WORD NIE OMDAT DIE ARAMESE VERTALING 'N UITBREIDING VAN DIE HEBREEUSE TEKS IS EN DIE SIRIESE TEKS NADER VERWANT AAN DIE HEBREEUSE TEKS IS	138
5.2.3.	'N SAMEVATTING VAN DIE DEELWOORDGEBRUIK VAN DIE ARAMESE VERTALING IN VERGELYKING MET DIE HEBREEUSE TEKS EN SIRIESE VERTALING (PARAGRAWE 5.2.1. EN 5.2.2.)	138
5.2.3.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD	139
5.2.3.2.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD	139
5.2.3.3.	PASSIEWE DEELWOORDE SUBSTANTIEF GEBRUIK WAT NIE IN DIE HEBREEUSE TEKS VOORKOM NIE, OMDAT DIE ARAMESE VERTALING 'N UITBREIDING IS VAN DIE HEBREEUSE TEKS	139
5.2.3.4.	PASSIEWE DEELWOORDE ATTRIBUTIEF ADJEKTIEF WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD	139
5.2.3.5.	AKTIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N PERFECTUM	139
5.2.3.6.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE GEBRUIK WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N IMPERFECTUM	140
5.2.3.7.	AKTIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT 'N WEERGAWA IS VAN 'N AKTIEWE DEELWOORD	140

5.2.3.8.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD	140
5.2.3.9.	AKTIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N BYVOEGLIKE NAAMWOORD	141
5.2.3.10.	PASSIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N PASSIEWE DEELWOORD MET DIESELFDE FUNKSIE	141
5.2.3.11.	AKTIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT NIE IN DIE HEBREEUSE TEKS VOORKOM NIE, OMDAT DIE ARAMESE VERTALING 'N UITBREIDING IS VAN DIE HEBREEUSE TEKS	141
5.2.3.12.	PASSIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT NIE IN DIE HEBREEUSE TEKS VOORKOM NIE OMDAT DIE ARAMESE VERTALING 'N UITBREIDING IS VAN DIE HEBREEUSE TEKS	141
5.2.3.13.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PERIFRASTIESE KONSTRUKSIE WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N PERFЕKTUM OF IMPERFЕKTUM	142
5.3.	DIE SIRIESE VERTALING IN VERGELYKING MET: ...	142
5.3.1.	DIE HEBREEUSE TEKS	142
5.3.1.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N PERFЕKTUM IN DIE HEBREEUSE TEKS	142
5.3.1.2.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT 'N WEERGAWЕ IS VAN 'N IMPERFЕKTUM IN DIE HEBREEUSE TEKS	143

5.3.1.3.	PASSIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE WAT 'N UITGEBREIDE VERTALING IS VAN DIE HEBREEUSE TEKS EN OOREENSTEM MET DIE ARAMESE VERTALING	143
5.3.1.4.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N AANVULLENDE FUNKSIE BY 'N VOORAFGAANDE DEELWOORD WAT 'N WEERGAWES IS VAN 'N VRAENDE VOORNAAMWOORD EN 'N ENKELE IMPERFEKTUM OMDAT DIE SIRIESE VERTALING DIE HEBREEUSE VERTALING UITBREI	144
5.3.2.	DIE ARAMESE VERTALING	145
5.3.2.1.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN DIE ARAMESE VERTALING	145
5.3.2.2.	AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N PREDIKATIEWE FUNKSIE IN 'N NOMINALE SIN WAT WEERGEGEE WORD MET 'N IMPERFEKTUM IN DIE ARAMESE VERTALING	146
5.3.2.3.	AKTIEWE DEELWOORDE WAT 'N AANVULLENDE FUNKSIE BY 'N DEELWOORD VERRIG WAT WEERGEGEE WORD MET 'N IMPERFEKTUM EN 'N INFINITIEF IN DIE ARAMESE VERTALING	147
5.3.3.	'N SAMEVATTING VAN DIE GEBRUIK VAN DIE DEELWOORD VAN DIE SIRIESE VERTALING IN VERGELYKING MET DIE HEBREEUSE TEKS EN DIE ARAMESE VERTALING WAT NIE IN PARAGRAWES 5.1.3. EN 5.2.3. BESPREEK IS NIE	148
5.3.3.1.	AKTIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT 'N WEERGAWES IS VAN 'N PERFECTUM	148
5.3.3.2.	AKTIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT 'N WEERGAWES IS VAN 'N IMPERFEKTUM	148

5.3.3.3.	PASSIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT NIE 'N WEERGAWE IS VAN DIE HEBREEUSE TEKS NIE OMDAT DIE SIRIESE 'N UITBREIDING IS VAN DIE HEBREEUSE TEKS	148
5.3.3.4.	AKTIEWE DEELWOORDE PREDIKATIEF GEBRUIK WAT 'N WEERGAWE IS VAN 'N ARAMESE SELFSTANDIGE NAAMWOORD	148

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING VAN STUDIERESULTATE

6.1.	DIE HEBREEUSE DEELWOORD	149
6.2.	DIE ARAMESE DEELWOORD	149
6.3.	DIE SIRIESE DEELWOORD	150
6.4.	SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE SINTAKTIESE GEBRUIK VAN DIE DEELWOORD	151
6.4.1.	DIE HEBREEUSE TEKS	151
6.4.1.1.	AKTIEWE DEELWOORDE	151
6.4.1.2.	PASSIEWE DEELWOORDE	151
6.4.2.	DIE ARAMESE VERTALING	151
6.4.2.1.	AKTIEWE DEELWOORDE	151
6.4.2.2.	PASSIEWE DEELWOORDE	152
6.4.3.	DIE SIRIESE VERTALING	152

6.4.3.1.	AKTIEWE DEELWOORDE	152
6.4.3.2.	PASSIEWE DEELWOORDE	153
6.5.	SAMEVATTING	153

## HOOFSTUK 7:

### AN ABSTRACT

7.1.	THE HEBREW TEXT	156
7.1.1.	THE ACTIVE PARTICIPLE ACTS AS	156
7.1.2.	THE PASSIVE PARTICIPLE ACTS AS	156
7.2.	THE ARAMAIC TRANSLATION	157
7.2.1.	THE ACTIVE PARTICIPLE IS USED AS	157
7.2.2.	THE PASSIVE PARTICIPLE IS USED AS	157
7.3.	THE SYRIAN TRANSLATION	157
7.3.1.	THE ACTIVE PARTICIPLE IS USED AS	157
7.3.2.	THE PASSIVE PARTICIPLE IS USED AS	158

## HOOFSTUK 8:

### BRONNE GEBRUIK

8.1.	PRIMÊRE BRONNE GEBRUIK	159
8.2.	SEKONDÊRE BRONNE GEBRUIK	165
8.3.	TYDSKRIFTE GEBRUIK	166
8.4.	AANHANGSEL A	167

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 PROBLEEMSTELLING

Hierdie skripsie handel oor 'n vergelykende studie ten opsigte van die gebruik van die deelwoord in Bybelse Hebreeus, Targum-Aramees en Peshitta-Siries, met spesifieke verwysing na die boek Joël. Vir die beoordeling van die resultate van hierdie studie moet in gedagte gehou word dat daar baie min beskikbare bronne ten opsigte van hierdie veld van ondersoek is, veral betreffende Targum-Aramees en Peshitta-Siries. Die mees gesaghebbende bron ten opsigte van Targum-Aramees vir hierdie studie was die boek van Stevenson W.M.B., *Palestinian Jewish Aramaic* wat alreeds in 1924 verskyn het (Stevenson, 1924:5). Ten opsigte van die Peshitta-Siries is daar gelukkig meer resente werke veral die werk van Nöldeke T, *Kurzgefasste Syrische Grammatik* wat in 1966 verskyn het en die werk van onder andere Takamitsu Muraoka (1987:1-131). Die reeks *Internationale Zeitschriftenschau für Bibelwissenschaft und Grenzgebiete*, wat uittreksels van alle gepubliseerde artikels bevat wat oor 'n tydperk van 35 jaar verskyn het, het geen artikels oor hierdie onderwerp nie. Verder is daar werklik min gekontroleerde inligting oor die gebruik van die deelwoord tussen bogenoemde drie tale beskikbaar. Professor M.Z. Kaddari van die BAR-ILAN Universiteit Ramat-Gan, Israel skryf as volg:

"I'm trying to answer your query, as far as I can in fact, I have'nt seen any specific treatment on the syntax of Targum Jonathan. Even on Onqelos there is merely sporadic descriptions on some selected topics, (not including the syntax of the participle)". (Vergelyk byvoegsel A).

Die gebruik van die boek Joël lewer ook sy kwota probleme op veral omdat die boek een van die mees onderskatte boeke van die Bybel in Ou

Testamentstudies is (Du Plooy, 1986: 4).

## 1.2 NOODSAAK VAN AKTUALITEIT VAN HIERDIE STUDIE

In die lig van bostaande feite is dit noodsaaklik vir toegewyde studente in Semitiese tale om genoegsame kennis te hê van die verskil in sintaksis ten opsigte van die gebruik van die deelwoord in die Semitiese tale. Dit kan alleen verkry word deur 'n vergelykende studie van die tale. In die lig hiervan is hierdie skripsie wel baie aktueel en ook werklik noodsaaklik ter wille van die dinamiese ontwikkeling in hierdie vakgebied. Verder leen hierdie studie hom daartoe om vertalers en eksegete wat hulle deesdae toespits op die meer dinamiese vertalingswyse, te help in die vertaling van die deelwoorde.

## 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie studie is om die sintaksis van die deelwoord in die drie tale te bepaal en ook om vas te stel of die gebruik van die deelwoord in die drie tale onderling van mekaar verskil. Daar sal ook ondersoek gedoen word hoe die deelwoord soms die funksie van perfektums en imperfektum in die drie tale oorneem. Verder sal ook bepaal word of die gebruik van die deelwoord in Aramees en Siries nader aan mekaar verwant is as met Hebreeus. Sake wat besondere aandag sal kry is die bespreking van die verskeie deelwoorde asook die gebruik van die deelwoord in die drie tale.

## 1.4 BEGRENSING VAN DIE STUDIE

In hierdie studie word die boek van Joël as basis van ondersoek gebruik. Die vergelykende studie word gedoen tussen Bybelse Hebreeus, Targum-Aramees en Peshitta-Siries. Verder spits hierdie studie hom hoofsaaklik toe op die gebruik van die deelwoord. Om egter die studie ten volle te begryp moet daar 'n sekere mate van agtergrondkennis

bestaan; daarom sal daar kortliks agtergrond geskets word met volledige verwysings na resente werke. Ook ten opsigte van die sintaksis van die werkwoord, sal daar 'n opsomming gegee word met volledige verwysings na resente bronne.

#### 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie studie word daar eers na die agtergrondmateriaal gekyk met spesifieke verwysing na die klassifikasie van die onderskeie tale en ook na die sintaksis van die werkwoord. In hoofstuk 4 word elke deelwoord in die drie tekste individueel bespreek en geklassifiseer. Die werkswyse van verklaring van deelwoorde sal aan die begin van hoofstuk 4 gegee word. Hoofstuk 5 bevat die vergelykende studie ten opsigte van die verskillende gebruike van die deelwoord in die drie tekste. Hoofstuk 6 bevat 'n opsomming van die gebruik van die deelwoord in die drie tale. Hoofstuk 7 sal die samevattende slot bevat. Hoofstuk 8 is 'n kort "abstract" van die studie.

#### 1.6 DIE KEUSE VAN DIE BOEK JOËL

Die boek Joël is een van die mees miskende boeke van die Bybel. 'n Vorige studie aan die Universiteit van Pretoria (Du Plooy, 1986: 4) het aangetoon dat hierdie stelling legitiem is. Verder leen die boek hom uitstekend tot 'n vergelykende studie omdat die boek slegs uit vier hoofstukke bestaan en dus 'n goed afgebakende eenheid vorm. Met bogenoemde in gedagte, maar ook vanweë die feit dat daar twee keer meer deelwoorde in Aramees en Siries in Joël voorkom as in die Hebreeuse teks, is dit 'n goeie keuse as basis vir studie.

#### 1.7 UITEENSETTING EN EVALUERING VAN BRONNE

Om terug te kom na beskikbare bronne, slegs die volgende:

Ten opsigte van die Hebreeuse teks is daar genoeg bronne beskikbaar

vir inligting wat betref die sintaksis. Hierdie bronne is dan ook gebruik. Die probleem vir hierdie studie is bronne wat handel oor Targum-Aramees. Wat hierdie veld betref is daar werklik min bronne. Dalman (1981: 282-290) is een van die mees resente gesaghebbende bronne maar hy spits hom meer op die morfologie toe as die sintaksis. "Morfologie het te doen met die woord op sigself en soos hy hom vergestalt in die woordgroep, sinsnede, bysin, sin en gedagte-eenheid. Nie die betekenis van die woord is ter sprake nie, maar sy vorm - dit wil sê sy onderdele en hoe hulle verbind is" (Van Rensburg, 1981: 19). "Sintaksis is die verhouding tussen verskillende of dieselfde morfologiese woordsoorte en/of morfologiese woordsoortekonstruksies in 'n sin en die verhouding tussen selfstandige sinne" (Van Rensburg, 1981: 29). Stevenson (1924: 44-59) gee 'n redelike sintaktiese verklaring van deelwoorde maar die werk is al amper ses-en-sestig jaar gelede gepubliseer. As gevolg van hierdie feit is daar soms in hierdie skripsie van Bybelse Aramees gebruik gemaak in die bepaling van sekere fasette van die deelwoord. In hoofstuk 6 sal daar 'n konklusie wees ten opsigte van die effektiwiteit van hierdie benadering. Die Siriese bronne is ook beperk maar is tog meer resente as die Aramese bronne. In die Siriese gedeelte is daar van Nöldeke (1966: 202-214), Brockelmann (1960: 113-114) en Muraoka (1987: 43-47) gebruik gemaak wat werklik 'n goeie geheelbeeld van die gebruik van die deelwoord gee.

#### 1.8 SLOT

In die lig van die feit dat daar werklik nie genoegsame bronne beskikbaar is oor hierdie veld van ondersoek nie, is die grootste gedeelte van die werk eie gedagtes wat getoets moet word, vir hulle legitimiteit al dan nie.

## HOOFSTUK 2

### 2. AGTERGROND VIR DIE STUDIE

In hierdie hoofstuk gaan daar baie kortliks gekyk word na verskillende agtergrondgegewens ten opsigte van die verskillende tale. Hierdie kort oriëntasie is veral nodig om die leser op die hoogte te bring ten opsigte van Hebreeus, Aramees en Siries en hulle posisies in die Semitiese tale. Hierdie kennis is 'n voorvereiste vir die regte evaluering van 'n vergelykende studie tussen die Semitiese tale. Hierdie hoofstuk is slegs 'n voëlvlug deur die agtergrondstudie; volledigheidshalwe sal daar telkens na gesaghebbende bronne verwys word vir verdere meer intensiewe inligting.

#### 2.1 'N DEFINISIE

Die naam Semitiese tale is oorspronklik van toepassing op 'n groep tale in Wes-Asië (Moscatti, 1980;1:1,3). Wes-Asië het by name die volgende streke ingesluit: Mesopotamië, Palestina, Sirië, Assirië, Babilonië en Arabië (Gemser, 1975:1). Hierdie groep tale het algemene ooreenkomste gehad ten opsigte van fonologie, morfologie, woordeskat en sintaksis. Hierdie talegroep het eers bekend gestaan as die môrelandse of Oosterse ("Oriental") taalgroep (Moscatti, 1980;1:1,3). Volgens verskeie bronne is die byvoeglike naamwoord "Semitiese tale" as aanduiding van die taalgroep die eerste keer deur A.L. Schlözer en J.G. Eichorn in 1781 gebruik, op grond van die sogenaamde "volkeretafel" in Genesis 10 (Moscatti, 1980:3, Gemser, 1975:1 en G.K.C, 1978, par. 1:1). Genesis 10 (Bybel, N.A.V. 1983:19) is nie 'n taletafel nie, maar wel 'n volkeretafel, daarom word Kanaänities (die Fenisiërs) nie onder Sem gereken nie, maar wel onder Gam (Genesis 6:15 env.) alhoewel hulle Semitiese tale gespreek het (Van Selms, 1979:141-159). Vir 'n volledige uiteensetting ten opsigte van hierdie

afdeling verwys ons u na Zimmern (1902:644-650).

## 2.2 OORSIG TEN OPSIGTE VAN DIE KLASSIFIKASIE VAN DIE SEMITIESE TALE

Die indeling en klassifikasie van die Semitiese tale word gewoonlik gedoen volgens hulle geografiese verspreiding (Moscatti, 1980:4). Sommige kenners verdeel die Semitiese volke in vier groepe naamlik die Suid-Semitiese of Arabiese groep, die Middel-Semitiese of Kanaänitiese groep waartoe Hebreeus behoort, die Noord-Semitiese of Aramese groep, hierdie groep word weer onderverdeel in die Oos-Aramese groep waartoe Siries behoort en die Wes-Aramese groep waartoe Aramees behoort. Die laaste groep is die Oos-Semitiese groep (G.K.C., 1978:2-3). Hierdie vierledige verdeling kan gereduseer word tot twee hoofgroepe naamlik die Suid-Semitiese groep en die Noord-Semitiese groep, Hommel (1904:75-80) verkies eerder die term Oos- en Wes-Semitiese groepe, tog is die geografiese verspreiding van minder belang as die genealogiese verwantskap van die groepe (Jeremias, 1906:291). Moscatti (1980:4) se indeling beantwoord die beste aan ons vereistes in hierdie hoofstuk, vir 'n kort oriëntasie ten opsigte van die klassifikasie van die tale. Moscatti (1980:4,6-17) verdeel die groepe in drie hoofafdelings, by name die Noord-Oos Semitiese groep (Mesopotamië), die Noord-Wes Semitiese groep (Sirië, Palestina) en die Suid-Wes Semitiese groep (Arabië en Ethiopië).

### 2.2.1 NOORD-OOS SEMITIESE GROEP

Noord-Oos Semities word uitsluitlik deur Akkadies verteenwoordig en omvat die tale van ou Babilonië en Assirië. Die hoof tydperke van Akkadies, ons oudste bekende Semitiese taal is (a) Oud-Akkadies (2500-2000 v.C.) (b) Babilonies wat onderverdeel word in Oud-Babilonies (2000-1500 v.C.), Middel-Babilonies (1500-1000 v.C.) en Laat-Babilonies (1000-1 v.C.), hierdie tydperk word veral gekenmerk deur die beïnvloeding van die Aramese taal en (c) Assiries

wat onderverdeel word in Oud-Assiries (2000-1500 v.C.), Middel-Assiries (1500-1000 v.C.) en Laat-Assiries (1000-600 v.C.) wat ook weer sterk beïnvloed is deur die Aramese taal. Vir meer uitgebreide inligting verwys ons u graag na die werke van Aro (1955:1-70) en Salonen (1962:1-92).

### 2.2.2 SUID-WES SEMITIESE GROEPE

Die Suid-Wes Semitiese groep omvat Suid-Arabies, Noord-Arabies en Ethiopies. Suid-Arabies kom hoofsaaklik voor vanaf die tydperk 300 v.C. in die inskripsies van die Sabeërs en Mineërs, die beroemde handelsvolke (Moscatti, 1980:13). Interessant vir ons studie is dat die Sabeërs vermeld word in Joël 4:8. Uit die eksegesië is dit duidelik dat hierdie inwoners van 'n verafgeleë land (Skeba), befaamde handelaars was (Wolff, 1977:79). Vergelyk ook Esegël 27:22-23 en 1 Konings 10:2 (Bybel, N.A.V., 1983). Noord-Arabies is bekend uit grafskrifte wat dateer uit die derde eeu voor Christus. Dit het as gevolg van Mohammed se teboekstelling van die Quran die belangrikste Semitiese taal van vandag geword (Gemser, 1975:3). Ethiopies is die taal van die inwoners aan die westekant van die Rooisee. Die oudste vorm het die naam Ge'ez (die taal van die "Vrye") gedra, vandag is Amharies die offisiële taal van Abessinië. Vir verdere meer uitgebreide inligting word u verwys na Rabin (1951:1-40) en Fück (1950:4-64).

### 2.2.3 NOORD-WES SEMITIESE GROEPE

Die Noord-Wes Semitiese groepe word hoofsaaklik in twee hoofgroepe verdeel, die Kanaänitiese groep en die Aramese groep, tog is daar 'n groot meningsverskil onder geleerdes (Moscatti, 1980:7). Sommiges beweer dat dit eers waar is vanaf die eerste millennium voor Christus toe Aramees homself histories gemanifesteer het (Friedrich, 1949:220-223). Die Kanaänitiese groep bestaan uit Amorities, soos

dit voorkom in die Mari-tekste, Ugarities soos dit voorkom by die Ras Samra-opgrawings die oud Kanaänities van die El-Amarnabriewe in 'n Akkadiese dialek. Verder bevat die groep ook Hebreeus, Fenisies en Punies vanaf die tiende tot die eerste eeu voor Christus en Moabities wat aan ons bekend is deur die gedenksteen van koning Mesa van ongeveer 850 v.C. Ons lees van hierdie Koning Mesa in 2 Konings 3:4 (Bybel, N.A.V. 1983:395). Tog reken Segert (1961:197-268) dat hierdie inskripsie deur 'n Israeliet in Mesa se diens opgestel is en dus eintlik 'n Hebreeuse teks is. Die Aramese groep vorm 'n groot en wyd uiteenlopende groep. Ons onderskei 'n Oud-Aramese groep, 'n Wes-Aramese groep en 'n Oos-Aramese groep (Moscati, 1980:10). Oud-Aramees (1000-800 v.C.) en Ryks-Aramees (700-400 v.C.) is onder Assiriese, Babiloniese en Persiese heerskappy gepraat. Onder hierdie groep word 'n tipe klassieke Aramees soos dit in sekere dele van die Bybel voorkom, ook geplaas. Oor hierdie teorie is daar 'n groot verskeidenheid opvattinge, Johns (1978:2) en Gemser (1975:2) plaas Bybelse Aramees onder die Wes-Aramese groep. Op hierdie strydvraag gaan ons nie dieper in nie. Wes-Aramees sluit die volgende dialekte in:

- 1) Nabatees, die taal van 'n etniese groep Arabiere van Petra tussen 100 v.C.-300 n.C. (Moscati, 1980:11). Hier verwys ons u na Lowlor (1974:19-30) vir meer gesaghebbende inligting oor die Nabateërs.
- 2) Palmyreëns word ook hieronder geklassifiseer en is net soos Nabatees ook 'n dialek van 'n ander groep etniese Arabiere by Palmyra (Moscati, 1980:11). Vir verdere inligting oor die Palmyreners, raadpleeg die werk van Michalowsky (1970:7) of Cooke (1903 nr. 80-144).
- 3) Joods-Palestynse Aramees was die taal van die inwoners van Palestina in die tyd van Christus en gedurende die eerste eeue

van die Christelike era. Palestynse Aramees sluit die Targum (vertalings) en die Talmud (vertalings) in (Johns, 1978:2). Samaritaanse en Christen-Palestynse Aramees word ook tot hierdie groep gereken.

- 4) Oos-Aramees word deur sommige geleerdes opgedeel in Noord-Oos Aramees en Suid-Oos Aramees, (Johns, 1978:2) in hierdie skripsie word Moscati (1980:12) se indeling nagevolg. Oos-Aramees bestaan uitsluitlik uit Siries die taal van Edessa, hier vind ons ook weer 'n onderverdeling in Oos-Siries (Nestoriaans), Wes-Siries (Jakobities), Tōrani en Fellihi (Johns, 1978:3). Verder behoort Mandeas, die taal van 'n gnostiese sekte uit Suid-Babilonië die sogenaamde "Johannes-Christene" ook tot hierdie groep. Vir enige verdere inligting word u verwys na die werke van Kütscher (1949:1-120) en Spuler (1956:1-162).

### 2.3 OORSIG TEN OPSIGTE VAN DIE TEKS EN VERTALINGS VAN DIE BOEK JOËL SOOS GEBRUIK IN HIERDIE SKRIPSIE

Om die resultate van hierdie vergelykende studie te evalueer, moet die leser ook oor 'n basiese kennis van die ontstaanstyd van die teks en vertalings beskik. Ook hierdie afdeling van die studie wil poog om 'n kort oriëntasie ten opsigte van hierdie veld van ondersoek te gee, aan die einde sal die leser na gesaghebbende bronne oor hierdie gedeeltes verwys word.

#### 2.3.1 DIE HEBREEUSE TEKS VAN DIE BOEK JOËL

Watter spraakvorm die Hebreërs met hulle intog in Kanaän in saamgebring het, kan ons nie met sekerheid bepaal nie. Dat die spraakvorm egter nou verbonde was aan oer-Semities is egter baie duidelik (Spuler, 1954:59). Die oorlewering beskou die Hebreërs as

nou verbonde aan die Arameërs, vergelyk Genesis 31:20 env. (Die Bybel N.A.V., 1983). Vir verdere inligting ten opsigte van hierdie onderwerp word verwys na Spuler (Spuler, 1954:60-71). Die dokumentêre gegewens ten opsigte van die Hebreeuse Ou Testament (teks) is terug te vind in Hebreeuse manuskripte wat strek vanaf die derde eeu voor Christus tot die twaalfde eeu na Christus (Douglas, 1982:1176). Die Semitiese alfabet het alreeds lank voor Moses se tyd bestaan. Die tekste is neergeskryf in Hebreeus deur slegs die konsonante neer te skryf (Deist, 1981:33-37). Sedert die agste eeu voor Christus het Aramees Hebreeus verdring, vergelyk 2 Konings 18:26-27 (Deist, 1981:36). As gevolg van hierdie gebeure het die Hebreeuse teks al hoe meer onbekend geword, interessant is dat die rabbi's die Hebreeuse teks in die tweede eeu voor Christus as ongewens vir 'n heilige geskrif verklaar het (Naveh, 1971:27-32). Hierdie siening lewer egter baie probleme wat nie hier verder bespreek sal word nie. Die gebeure van die tweede eeu voor Christus lei tot 'n verdere agteruitgang van die vokaallose teks en baie lees-, skryf en vertaalfoute ontstaan nou - hierdie probleem lê op die gebied van die Ou Testamentiese tekstkritiek en hier beveel ons die werk van Deist (Deist, 1981:1,2-301) vir verdere inligting baie sterk aan. Die Masorete wat tussen 500-1000 n.C. opgetree het, het die konsonantteks met vokale voorsien in die sewende eeu na Christus (Douglas, 1982:1178) om leiding te gee ten opsigte van die regte lees, verstaan en vertaling van die teks (Deist, 1981:53). Vir 'n gesaghebbende werk, wat oor die Masorete handel verwys ons u na die standaardwerk van Paul Kahle (Kahle, 1913, 1927) en B.P. Waltke (Payne (ed); 1970:212-239).

Die boek van die profeet Joël lewer baie probleme op wat betref die presiese datering van die boek (Wolff, 1977:4). Prinsloo (1985:9) beweer dat die boek beslis na-eksilies ontstaan het. Die boek Joël is volgens verkeie geleerders geskryf vanaf die negende tot die tweede eeu voor Christus (Duhn, 1922:398). Tog maak dit nie werklik

saak wanneer die boek geskryf is nie wat wel saak maak is dat God met die mens praat deur hierdie boek. Ons kan konkludeer deur af te sluit met 'n tentatiewe ontstaansdatum van 445 v.C. (Du Plooy, 1986:22). Vir verdere inligting ten opsigte van die boek Joël verwys ons u na die kommentare van Wolff (Wolff, 1977:1-5), Allen (Allen, 1976:19-25) en Prinsloo (Prinsloo, 1985:5-10).

### 2.3.2 DIE ARAMESE TARGUM

Die Aramese Vertalings van die Ou Testament staan bekend as die Targums. Die Hebreeuse woord targum (mv. targumī) verwys na 'n Aramese vertaling of parafrase van 'n deel van die Ou Testament. Hierdie parafrase is voorgelees deur 'n Metŭrgemán. Daar bestaan Targums vir elke boek van die Ou Testament behalwe vir die boeke Esra, Nehemia en Daniël (McNamara, 1968:1-174). Volgens Nehemia 13:24 (Die Bybel N.A.V., 1983; 527) het vreemde tale Hebreeus na die Babiloniese ballingskap verdring en daarom het daar met verloop van tyd 'n behoefte ontstaan om die Hebreeuse teks te vertaal vir gebruik tydens liturgiese voordragte (Deist, 1981:127:). Dit het meegebring dat die Hebreeuse teks in Aramees vertaal is. Die amptelike Aramese targums het uit twee afdelings bestaan, naamlik die Targum Onkelos wat oor die Pentateug handel en die Targum Jonathan wat oor die profete handel. Die naam Onkelos verwys na die proseliet Onkelos wat die Tora vertaal het in die Babiloniese Talmud. Tog weet ons vandag dat die Targum Onkelos nie net aan een skrywer toegedig kan word nie, maar dat dit die eindproduk van 'n baie lang proses van oorlewering en standaardisering is (Deist, 1981:128).

Targum Jonathan verwys weer na Jonathan Ben-Uzziel, 'n leerling van Rabbi Hillel. Tog het hierdie targum ook 'n lang geskiedenis tot by die eindproduk en kan ons ook nie alles aan Jonathan Ben-Uzziel toedig nie. Vir verdere inligting verwys ons u na M. McNamara se werk (McNamara, 1972; 1-208) wat 'n baie populêre inleidingsbron is.

As gevolg van die lang ontstaansperiode is dit nie moontlik om die presiese datum van oorsprong te bepaal nie, tog kan ons die finale redaksiedatum plaas tussen 5 en 6 eeue na Christus. Targum Jonathan wat baie oer geskifte bevat as die Targum Onkelos, bevat slegs sekere dele wat nog oer is as die Qumrangeskifte (Brownlee, 1956:169-186).

Die taal van hierdie Targums verskil van die Aramees van die Babiloniese en Palestynse Talmud. Paul Kahle (Kahle 1913:191) wys egter daarop dat hierdie Aramees niks anders is as Ryks-Aramees nie. Volgens Deist (Deist, 1981:129) het Berliner en De Lagarde onderskeidelik 'n Onkelos- (1884-1886) en Jonathanuitgawe (1972) gepubliseer. In hierdie studie word gebruik gemaak van A. Sperber se "The Bible in Aramaic" 1959-uitgawe, wat vandag die beste volledige werk beskikbaar is.

### 2.3.3 DIE SIRIESE PESHITTA

Naas die Septuaginta, die oudste en belangrikste vertaling van die Hebreeuse geskifte, is die Siriese vertaling die belangrikste. Hierdie vertaling, gebruik deur die Siriese kerk, is sedert die 9de eeu bekend as die Peshitta of "Algemene gewone" vertaling (Douglas, 1962:1184). Sommige geleerdes huldig die standpunt dat die Peshitta se oorsprong Edessa is (Haefeli, 1927:7). Ander is van mening dat die Peshitta sy oorsprong in die koninkryk van Adiabene gehad het. Adiabene het die Judaïsme in 40 n.C. aanvaar en toe het hulle 'n vertaling van die Ou Testament nodig gehad vir liturgiese gebruik. Later is Adiabene gekersten en het hulle die Christelike geloof aangeneem (Roberts, 1951:222). Hierdie twee hipotetiese stellings sluit mekaar nie uit nie, want daar was skakeling tussen die twee groepe wat kon lei tot wedersydse beïnvloeding. Verder moet onthou word dat die Peshitta, net soos ander vertalings, oor 'n lang tydperk ontstaan het (Haefeli, 1927:7). 'n Verdere vraag wat ontstaan is: Vir

wie was die vertaling bedoel? Vir Jode of vir Christene? Paul Kahle (Kahle, 1913:268-269) beweer dit was vir 'n Joodse gemeenskap en hy grond sy bevindinge op die feit dat daar baie swaar gesteun was op die gestandaardiseerde Hebreeuse teks. Nöldeke huldig weer die standpunt dat Christene die vertaling gemaak het. Hy baseer sy standpunt op die ooreenkomste tussen die teks en die Griekse vertaling. Geen antwoord is op hierdie strydpunte beskikbaar nie. Volgens Deist (1981:144) lyk dit eerder of 'n Christengemeenskap 'n Joodse vertaling oorgeneem en verwerk het volgens hulle tradisies.

Die Peshitta is 'n noukeurige vertaling van die Masoretiese teks, tog is daar ook meer vrye vertalings, veral ten opsigte van die boek Rut. Die Siriese gedeelte oor die kleiner profete, waaronder die boek Joël ook gereken word, toon weer duidelik trekke van die Septuaginta. In hierdie skripsie is die standaardwerk van E.J. Brill, "The Old Testament in Syriac" gebruik.

### HOOFSTUK 3

#### WERKWOORDE IN DIE SEMITIESE TALE

##### 3.1. INLEIDING

Na baie jare se navorsing, oor die "tye" van die werkwoord in die Semitiese tale is daar nog geen eenstemmigheid onder geleerdes oor hierdie onderwerp nie. Daar bestaan verskeie teorieë oor die vervoegings van werkwoorde in die Semitiese tale. Om al die teorieë uiteen te sit en te bespreek is 'n te groot opgaaf vir 'n werk van hierdie omvang. Verder lê dit ook nie heeltemal op hierdie werk se veld van ondersoek nie. Om egter aan die leser 'n kort oorsig te gee, gaan slegs 'n beperkte getal teorieë bespreek word omdat dit belangrik is vir die eindresultaat van die studie. Vir 'n baie meer intensiewe studie oor die verskeie teorieë word die leser verwys na die standaardwerk van Mc Fall (1982). Verder kan beweer word dat die werkwoord in sy basiese struktuur in die Semitiese tale dieselfde is. Die enigste noemenswaardige verskille kom voor in die vervoegings (binyanim) en stamformasies (Muraoka, 1987:26). Met hierdie stelling as voorveronderstelling word daar deurgaans in hierdie werk, gewerk.

##### 3.2. VERSKEIE TEORIEË ONDER DIE LOEP

In die werk van Mc Fall (1982: 10-175) word daar 10 verskillende teorieë behandel. Hierdie 10 individuele teorieë verteenwoordig ses verskillende benaderingswyses naamlik

- a) Die waw-konversatiewe of die sogenaamde "waw van die toekoms". Hierdie teorie gaan van die standpunt af uit dat die wayyqtl teenswoordige of toekoms handelinge uitdruk. Die yqtl en wyqtl dui 'n handeling aan in die verlede en qtl (sonder 'n waw) dui 'n

toekomshandeling aan. Hierdie teorie vernou die gaping tussen die Semitiese tale en die Indo-Germaanse tale (Mc Fall, 1982:177). Die qtl en wqtl wat op 'n toekomshandeling dui, word so gebruik omdat die saak waaroor dit gaan so duidelik is asof dit alreeds gebeur het, siende dat dit alreeds aangekondig is.

- b) Die relatiewe metode van Julius Bate in 1751: "Semitiese tale het slegs twee tydvorms naamlik die teenwoordige (met inbegrip die verlede) en die toekoms. Die probleem met hierdie teorie is dat die Bybelskrywers beperk is tot twee omstandighede naamlik

1) Hulle skryf alles in die tyd waarin hulle lewe,

of

2) Die tyd waarvan hulle skryf.

Hierdie teorie het verskeie sintaktiese probleme veroorsaak, veral ten opsigte van verhalende stof en die direkte rede, tog het hierdie teorie weer die gaping verbreed tussen die Semitiese tale en die Indo Germaanse tale.

- c) Die waw-induktiewe metode. Volgens die metode is daar slegs twee tydsaspekte naamlik die teenwoordige en toekoms-aspek aan die een kant en die verlede tydsaspek aan die ander kant. Die wayyqtl-vorm is opgebou uit die toekomshandeling yqtl en 'n waw inductief as prefiks. Die toekoms is gekies omdat die handeling na die eerste qtl plaasvind, die wayyqtl is met verlede tyd vertaal omdat die waw die verlede tyd van die eerste werkwoord qtl oordra aan die yqtl. Hierdie teorie vernou weer die gaping tussen die Semitiese tale en die Indo-Germaanse tale. Alhoewel hierdie teorie redelik onbekend is, is dit tog die teorie wat die meeste gebruik word in vertalings (Mc Fall, 1982:180).

- d) Die aspek-metode. Hierdie metode het baie aanklank by S.R. Driver gevind en dit is deur hom verder uitgewerk in sy boek: "A treatise on the use of the tenses in Hebrew". Volgens hierdie metode druk die twee vervoegings van die werkwoord Aktionsart, dit wil sê; nie tyd nie, maar wel die aard van die handeling uit. Die perfektum druk 'n voltooide handeling uit en die imperfektum 'n onvoltooide handeling. Die twee vervoegings hou dus nie 'n verband met tydsbegrippe soos hede, verlede en toekoms nie (Van Rooy, 1984:18). Sawyer (1976:82) definieer die onderskeid tussen die twee vervoegings in die volgende terme:
- 1) Tyd: Die perfektum dui op die verlede tyd en die imperfektum op die nie-verlede tyd (hede of toekoms).
  - 2) Aspek: Die perfektum dui op 'n enkele voltooide handeling, die imperfektum dui op 'n durende herhalende handeling.
  - 3) Modus: Die modus druk spesifieke gebeure of handelinge uit modaal of nie-modaal. Die perfektum druk 'n vasstaande feit uit, die imperfektum 'n idee wat nie noodwendig in 'n feit realiseer nie (Mc Fall, 1982:73).
- e) Die saaklik-beskrywende metode: Die twee vervoegings perfektum (qtl) en die imperfektum (yqtl) dui op die objektiewe en subjektiewe siening van die skrywer. In die perfektum word die handeling uitgelig en in die imperfektum die handelende agent.
- f) Die histories-vergelykende metode: Die hoofargument van hierdie teorie is dat daar 'n dubbele funksie opgesluit lê in dieselfde werkwoord. Om dit te bewys moet die historiese lyn van die taal bestudeer word. Die qtl-vorm se onvoltooidheid (teenwoordige of toekomstige tydsaspek) en voltooidheid (verlede) kan herlei word

na 'n oorspronklike qatil-vorm wat dui op 'n teenwoordige tydsaspek. Die oorspronklike betekenis word vandag weergegee in die statief.

Die mees aanvaarbare teorie in hierdie studie is die sogenaamde "aspekmetode", wat verfyn is deur S.R. Driver.

### 3.3. DIE STAMFORMASIES IN DIE SEMITIESE TALE

In al die Semitiese tale kom daar verskeie stamformasies voor wat verdeel kan word in twee hoofgroepe naamlik die met oorspronklike betekenis en die met afgeleide betekenis. Onder afgeleide betekenis word bedoel die ander stamformasies wat in die paradigmas voorkom. Die Semitiese tale deel die stamformasies ook op in drie hoofgroepe naamlik die gewone vorm, die intensiewe vorm en die kausatiewe vorm. Verder word hierdie drie groepe ook weer onderverdeel in drie groepe naamlik, aktief, passief en refleksief (G.K.C., 1909:117). Hieronder volg 'n oorsig oor die normale stamformasies in Hebreeus, Aramees, Targum-Aramees en Siries.

		HEBREEUS	BYBELSE ARAMEES	TARGUM- ARAMEES	SIRIES
Gewone	Aktief	Qal	Peal	Peal	Peal
	Passief	Qal/Nifal	Peil	Itpeel	
	Refleksief	Nifal	Hitpeel	Itpeel	Etpeel
Intensief	Aktief	Piel	Pael	Pael	Pael
	Passief	Pual		Itpaal	
	Refleksief	Hitpael	Hitpaal	Itpaal	Etpaal
Kausatief	Aktief	Hifil	Afel, Shafel	Afel, Hafel	Afel
	Passief	Hofal	Hofal	Ittafal	
	Refleksief	Hishtafel	Hishtafal	Ittafal	Ettafal

Die Hebreeuse Hishtafel kom net in kombinasie met die hulpwerkwoord voor in die betekenis van: "Hy laat Hom self neerbuig" (Slyda Verb, 1972). By die Aramees is dit baie interessant dat daar 'n verskil is tussen Bybelse Aramees en Targum-Aramees. Targum-Aramees maak van dieselfde stamformasies gebruik in die passief en refleksiewe vorm naamlik die Itpeel in die gewone vorm, die Itpaal in die intensiewe vorm en die Ittafal in die kausatiewe vorm (Stevenson, 1924:44).

Vir 'n meer intensiewe bespreking van die stamformasies in die Hebreeus, Aramees, Bybelse Aramees en die Siries word u verwys na Williams (1967), Gesenius (1909), Stevenson (1924), Johns (1978) Muraoka (1987), Rosenthal (1983), Brockelmann (1960) en Nöldeke (1966).

#### 3.4. DIE MODI VAN DIE WERKWOORDE IN DIE SEMITIESE TALE

Die Semitiese tale het benewens die twee "tydsvorme" naamlik die perfektum en imperfektum ook nog ander modi van die werkwoord, wat spesifieke gebeure of handeling uitdruk (G.K.C., 1909:117). Daar is 'n imperatief (bevelvorms aan die tweede persoon), twee infinitiewe (onbepaalde wyses), 'n jussief (gerig aan die tweede of derde persoon om die begeerte uit te spreek dat iets wel moet gebeur of nie moet gebeur nie), 'n kohortatief ('n self opwekkingsvorm) en ook 'n participium (deelwoord). Die Siries het die modi jussief en kohortatief verloor (Muraoka, 1987:29).

#### 3.5. DIE TYDSLEER IN DIE SEMITIESE TALE

Die tye van die werkwoord is moeilik verstaanbaar, en in die Semitiese tale (soos aangetoon in afdeling 3.2.) gaan dit nie om relatiewe tyd nie maar wel oor die handelswyse, ("aktionsart") of dit voltooid of onvoltooid is, dit wil sê of die handeling voortdurend of

afgehandel is. Hierdie werk gebruik dan ook hierdie teorie as uitgangspunt in die verklaring van werkwoorde. Elke werkwoordtyd moet in sy spesifieke konteks gelees word anders sal sy verband nooit verstaan word of verklaar kan word nie, byvoorbeeld: "Dat 'n profeet iets in die toekoms sê en dit dan in die perfektum (voltooid) stel, omdat dit as 'n sekere en vasstaande feit by hom vasstaan" (Vermeulen, 1981:3). Volgens Huges (Huges, 1970:13) wil Sperber die benaminge verander: "The perfect and imperfect are used interchangeable and suggest for the verb tenses a neutral, timeless terminology which is based on morphological characteristics and which does not explicitly indicate any definite time at all: Suffix tense (perfectum) and prefix tense, (for imperfectum)". Die perfektum word gebruik om handeling, gebeure of dade wat deur die spreker as afgehandel beskou word, te verteenwoordig. Die gebeure kan op 'n bepaalde tyd in die verlede afgehandel wees of dit kan deurloop na die hede toe, of selfs nog in die toekoms wag (profetiese perfektum) maar vir die spreker is hierdie handeling alreeds afgehandel (G.K.C., 1909:309). Die imperfektum word gebruik om handeling, gebeure en dade aan te dui wat deur die spreker of skrywer op enige gegewe moment beskou word as "besig om te gebeur of in die proses is om te gebeur of nou net gebeur het".

### 3.6. DIE SINTAKSIS VAN DIE PERFECTUM EN IMPERFECTUM

Die afgebakende veld van ondersoek in hierdie studie sluit nie 'n breedvoerige bespreking in ten opsigte van die sintaksis van die perfektum en imperfektum nie. Nietemin word in hierdie paragraaf kortliks stilgestaan by die onderwerp, omdat dit 'n belangrike voorveronderstelde kennis by die leser veronderstel om die nodige vergelyking van die deelwoord na reg te kan evalueer. Daar sal telkens na gesaghebbende bronne verwys word vir 'n meer intensiewe en volledige bespreking van elke taal se sintaksis ten opsigte van die perfektum en imperfektum.

### 3.6.1. DIE HEBREEUSE TAAL

Vir 'n volledige bespreking van die Hebreeuse sintaksis van die perfektum en imperfektum word u verwys na die werke van Ronald, J. Williams (1967) en Gesenius-Kautsch-Cowley (1909).

#### 3.6.1.1. DIE PERFECTUM WORD SOOS VOLG GEBRUIK:

- a) As handeling wat op 'n bepaalde tyd in die verlede gebeur het en nou afgehandel is (Genesis 3:1).
- b) Die perfektum verwys ook na 'n onbepaalde tyd in die verlede (Jesaja 66:8).
- c) As 'n gewone "tempus historicum" in verhalende stof oor die verlede (Job 1:1).
- d) Vir afgehandelde gebeure in die verlede terwyl ander gebeure plaasgevind het. Hierdie gebruik stem ooreen met die plusquamperfektum van ander tale (Genesis 2:2).
- e) Om afgehandelde gebeure te verteenwoordig wat steeds invloed op die hede uitoefen (Genesis 13:3).
- f) Om sake wat besig is om te gebeur in verhalende stof weer te gee asof hulle alreeds afgehandel is (Jeremia 22:5).
- g) Om vasstaande feite in die toekoms uit te druk as voltooide handeling (Genesis 23:11).
- h) Om sake wat in die verlede nie vervul is nie en vervul kan word in die hede of toekoms, byvoorbeeld wense of onwerklike

voorwaardes, in die verlede uit te druk (Numeri 14:2).

- i) Om die hede uit te druk in algemene waarhede (Genesis. 49:11).
- j) Gebruike van die konsekutiewe perfektum word nie hier bespreek nie, raadpleeg die bogenoemde literatuur vir verdere inligting.

3.6.1.2. DIE IMPERFEKTUM WORD SOOS VOLG GEBRUIK:

- a) Om handeling wat in 'n langer of korter tyd in die verlede gebeur het, uit te druk (Genesis 2:6).
- b) Om gebeure wat herhaaldelik in die verlede gebeur het met gereelde intervalle of net soms uit te druk. Die sogenaamde "modus rei-repetitae" (Job 1:5).
- c) Om voortgaande gebeure wat oor 'n langer of korter tydperk in die hede gebeur het, uit te druk (Genesis 37:15).
- d) Om gebeure wat op gebruikelike tye herhaal word uit te druk ('n Omkoopgeskenk maak blind) (Exodus 23:8).
- e) Om gebeure waarvan gepraat word wat streng gesproke afgehandel is, so te stel asof die gebeure nou besig is om te gebeur (Genesis 32:29).
- f) Om gebeure in die toekoms uit te druk wat moet gebeur vanuit die spreker se hede (Exodus 4:1).
- g) Om die "Futurum Exactum" aan te dui (Genesis 29:8). (G.K.C., 1909:316). Hierdie gebruik korreleer ook met paragraaf 3.6.1.1 no. g.

- h) Om die wil van iemand uit te druk in die plek van 'n jussief of 'n kohortatief (Genesis 1:9).
- i) Om waarskynlike gebeure aan te dui (Genesis 2:16).
- j) Om 'n versekering uit te druk dat iets beslis nie mag of gaan gebeur nie (Exodus 20:15).
- k) Die konsekutiewe imperfektum word nie in hierdie paragraaf bespreek nie. Vergelyk die bronne vir 'n dieper meer intensiewe bespreking.
- l) Om potensiële gebeure uit te druk (Genesis 2:16).

### 3.6.2. DIE SIRIESE TAAL

Vir 'n volledige bespreking van die sintaksis van die perfektum en imperfektum word u verwys na die werke van Nöldeke (1966) en na die werk van Muraoka (1987).

#### 3.6.2.1. DIE PERFECTUM

Muraoka (1987:42) skryf as volg oor die sintaksis van die perfektum: "The perfect indicates something that happened, has happened or had happened, thus essentially a preterital tense". Die perfektum word soos volg gebruik:

- a) Om die verlede tyd as verhaaltrant weer te gee (Genesis 1:1). Die sogenaamde "TEMPUS HISTORICUM".
- b) Om die afgehandelde resultaat weer te gee (Genesis 27:46).
- c) Om 'n plusquamperfektum uit te druk.

- d) Om na voorwaardelike tydsinne ("conditional temporals") 'n perfektum futurum uit te druk. ("wanneer ons manskemense besny word, dan sal hulle by ons kom woon (Genesis 34:22)". (Nöldeke, 1966:194).
- e) Om voorwaardelike sinne aan te dui (Muraoka, 1987:43).
- f) Om onwerklike voorwaardelike sinne uit te druk (Genesis 43:10).
- g) Om wense uit te druk (Nöldeke, 1966:196).

#### 3.6.2.2. DIE IMPERFEKTUM

Die imperfektum word soos volg gebruik:

- a) Om vasstaande feite weer te gee (Genesis 9:11).
- b) Om die gewone "Futurum" uit te druk kom voor, maar die gebruik is redelik ongewoon (Muraoka, 1987:43).
- c) Om 'n wens of vraag uit te druk (Nöldeke, 1966:199).
- d) Om 'n gebod of verbod uit te druk (Muraoka, 1987:43).
- e) Om 'n modale handeling uit te druk (Genesis, 3:2).

#### 3.6.3. DIE ARAMESE TAAL

Hier moet baie duidelik gestel word dat die student van Targum-Aramees voor 'n baie groot struikelblok te staan kom. Daar is eenvoudig net nie gesaghebbende bronne om te raadpleeg nie. Die

werk van Dalmann self is meer morfologies as sintakties (Stevenson 1924:3). U word ook verwys na die boek van Stevenson (1924) en dan na bronne van Bybelse Aramees soos onder andere die boek van Rosenthal (1983). Die sintaksis van Bybelse Aramees word wel genoem om te kyk of daaruit sekere riglyne afgelei kan word, veral omdat Stevenson (1924:48) noem dat Targum-Aramees Bybelse Aramees baie keer navolg ten opsigte van taalverskynsels waaronder voegwoorde. Bauer en Leander (1972:285) maak 'n duidelike onderskeid tussen die resultatiewe (teenwoordige) en historiese perfektum in Bybelse Aramees.

### 3.6.3.1. DIE PERFECTUM IN BYBELSE ARAMEES

Die perfektum word soos volg gebruik:

- a) Om die gewone verhalende tyd aan te dui. Die sogenaamde "perfektum historicum" (Daniël 2:12).
- b) Om die teenwoordige tyd uit te druk (Daniël 4:6 (9)).
- c) Om 'n handeling in die toekoms aan te dui (Daniël 7:27).
- d) Om die voltooide teenwoordige tyd aan te dui (Die Engelse present perfect) (Daniël 5:22).
- e) Om die plusquamperfektum aan te dui (Esra 5:14).

### 3.6.3.2. DIE IMPERFECTUM IN BYBELSE ARAMEES

Die imperfektum druk die tydsfeer van 'n teenwoordige deelwoord uit (Van Rooy, 1975:16). Die imperfektum word soos volg gebruik:

- a) Om die teenwoordige tyd uit te druk (Daniël 4:22 (25)).

- b) Om die toekomstige tyd uit te druk (Daniël 2:39).
- c) Om gelyktydige handeling in die verlede uit te druk, die imperfektum volg na 'n perfektum (Daniel 7:17 (20)).
- d) Om die jussief, optatief en kohortatief uit te druk (Esra 7:20/Daniël 4:13 (16)).

### 3.6.3.3. DIE SINTAKSIS VAN DIE PERFECTUM EN IMPERFECTUM IN TARGUM-ARAMEES

W.M.B. Stevenson (1924:50) maak sy eie afleidings oor die sintaksis van die Targum imperfektum en perfektum. Volgens hom word die imperfektum soos volg in Targum-Aramees gebruik.

- a) Om 'n imperatief, jussief of voluntatief aan te dui (Genesis 6:21/Exodus 22:24).
- b) Om na voorsetsels die doel ("purpose") van 'n aksie aan te dui (Genesis 12:13).
- c) Om 'n modale imperfektum aan te dui soos Hebreeus (2 Samuel 2:2).
- d) Om "kan" ("could") aan te dui (1 Konings 8:5).
- e) Om die gewone toekomstige tyd aan te dui (1 Samuel 24:21).
- f) Om voorwaardelike sinne te vorm na sekere voorsetsels (Genesis 18:26/Josua 24:20).
- g) Om 'n preteritum futurum (verlede tyd futurum) aan te dui (Genesis 2:19). Hier gaan dit om 'n saak in 'n bysin wat in

die verlede lê, maar relatief tot die hoofsin in die toekoms staan, die Afrikaanse ekwivalent is die hulpwerkwoord "sou".

### 3.6.4. SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE SINTAKSIS VAN DIE PERFECTUM EN IMPERFECTUM

#### 3.6.4.1. DIE PERFECTUM

Om 'n duideliker prentjie te vorm ten opsigte van die ooreenkomste in die gebruik van die perfectum kan as volg gekonkludeer word dat:

- a) in al drie tale die perfectum gebruik word om die sogenaamde "Tempus historicum" aan te dui,
- b) die perfectum ook by al drie tale gebruik word as 'n sogenaamde plusquamperfectum,
- c) dat die perfectum ook gebruik word om vasstaande feite in die toekoms weer te gee,
- d) Die Hebreeuse en Siriese perfectum word verder gebruik om:
  - 1) bepaalde gebeure wat in die verlede begin het en in die hede voltooi word weer te gee,
  - 2) om wense en onwerklike voorwaardelike sinne uit te druk.
- e) Die Hebreeuse en Aramese perfectum druk ook nog algemene waarhede in die hede uit.

### 3.6.4.2. DIE IMPERFEKTUM

Om 'n beter oorsig oor die gebruik van die imperfektum te kan vorm word as volg gekonkludeer. Die imperfektum word gebruik om:

- a) in al drie tale 'n handeling in die verlede aan te dui wat oor 'n langer of korter tydperk geskied het,
- b) in al drie tale die teenwoordige tyd weer te gee,
- c) in al drie tale die toekomstige tyd weer te gee,
- d) in al drie tale 'n wil, 'n wens of 'n begeerte aan te dui,
- e) Hebreeus en Targum-Aramees is klaarblyklik volgens Stevenson (1924:50) nader aanmekaar verwant omdat Targum-Aramees gewoonweg korreleer met die meeste gebruike van die Hebreeuse modale imperfektum.


## 3.7. DIE SINTAKSIS VAN DIE DEELWOORD

### 3.7.1. INLEIDING


Oor die deelwoord as sodanig in die sin van 'n vergelykende sintaktiese studie is daar nog baie min taalkundige navorsing gedoen. In hierdie afdeling gaan daar eerstens na 'n globale oorsig van die sintaksis van die deelwoord gekyk word en tweedens sal daar spesifiek gekonsentreer word op die gebruik van die deelwoord. Sellin (Sellin, 1889:1-101) het 'n belangrike bydrae gelewer ten opsigte van die sintaktiese aard van die deelwoord maar die groot nadeel en beperking van sy navorsingsresultate is dat dit glad nie vergelykend van aard is nie. Ook die werk van Moscati (Moscati, 1964:1-140) vul nie hierdie leemte nie, omdat hy hom toegespits het

op 'n vergelyking ten opsigte van die fonologie en morfologie van die Semitiese tale. Die latere metode van ondersoek in hoofstuk 4 en volgende hoofstukke gaan die empiries-deduktiewe metode wees, waar die besonderhede van die deelwoord eers ondersoek gaan word voordat gepoog gaan word om in hoofstuk 6 sekere algemene vergelykende stellings te maak. Die deelwoord neem as verbale adjektief ook 'n tussenposisie in tussen die naamwoord en werkwoord (G.K.C., 1909:365). Na vorm is dit naamwoorde wel van werkwoorde afgelei, en dit kan nie selfstandig gebruik word om tyd en modus aan te dui nie (Van Rooy, 1984:34). As naamwoorde sluit dit nou aan by die byvoeglike naamwoorde maar tog word die band met die handeling nie verbreek nie. Die aktiewe deelwoord het 'n aktiewe vorm en dui iets of iemand aan wat besig is met 'n voortdurende ononderbroke handeling (G.K.C., 1909:356). Die passiewe deelwoord dui op iets of iemand in 'n toestand wat deur 'n eksterne handeling of gebeure teweeggebring is (Van Rooy 1984:34). Skematies kan die voorkoms van deelwoorde soos volg geskets word:


a) VERBALE SIN




b) DEELWOORDE AS SUBSTANTIEF IN 'N SIN




c) DEELWOORDE AS ATTRIBUTIEWE ADJEKTIEWE IN 'N NAAMWOORDSTUK




d) DEELWOORDE AS KOPULA-PREDIKAAT IN 'N NOMINALE SIN



e) DEELWOORDE AS PREDIKAAT IN 'N NOMINALE SIN



f) DIE DEELWOORD AS PREDIKATIEWE AKKUSATIEF IN 'N SIN



Bostaande boomdiagramme is nie volledig uitgewerk volgens die metode van Du Plessis (Du Plessis, 1982) nie. Vir 'n volledige bespreking raadpleeg Du Plessis (1982) se werk. Verder moet daar ook op gewys word dat dit in die boomdiagramme dit oor die hiërargiese voorstelling van 'n sin se onmiddellike stukstruktuur gaan en nie soseer oor die werklike lineêre volgorde van die sin nie (Du Plessis, 1982:88).

Uit bogenoemde skematiese voorstelling is dit baie duidelik dat die deelwoord 'n sekere funksie in die sin vervul. Die deelwoord kan

die funksie van 'n substantief (b) vervul of die funksie van 'n adjektief (byvoeglik), die adjektief kan weer attributief (c) gebruik word. As attributief funksioneer die deelwoord as 'n byvoeging by die naamwoordstuk (selfstandige naamwoord). Die adjektief kan ook predikatief (e) gebruik word, dan funksioneer die deelwoord as 'n byvoeging by die hulpwerkwoord (predikaat). Die deelwoord kan ook as predikatiewe akkusatief funksioneer (f). Die predikatiewe akkusatief is 'n sin wat by die hoofsin ingebed is, en is nie 'n selfstandige voorwerpsin nie, byvoorbeeld: "Hy sien die man wat loop", loop sal in Hebreeus 'n deelwoord wees. As die deelwoord in die plek van 'n betreklike bysin gebruik word en die sin word vertaal met wat dan is dit 'n attributiewe adjektief. As die deelwoord in kombinasie met 'n relatiewe partikel in 'n betreklike bysin gebruik word dan is dit 'n predikatiewe adjektief. Verder is 'n deelwoord predikatief gebruik as die koppelwerkwoord "is" in die vertaling van die hoofsin voorkom, as die vertaling sonder "is" 'n sin vorm, is dit 'n attributiewe adjektief byvoorbeeld: "die water is lopende" "of die lopende water". Elke deelwoord, behalwe die wat substantief gebruik is, vervul ook nog 'n tydsaspek naamlik voltooid of onvoltooid en durend.

### 3.7.2. SPESIFIEKE ELEMENTE VAN DIE DEELWOORD

#### 3.7.2.1. GESLAGSAANDUIDING

Die deelwoord neem gewoonlik 'n posisie in tussen die nomen en verbum (G.K.C., 1909:355). Sintaksies gesproke is die deelwoord dus 'n verbaalnomen en prakties beteken dit dat die deelwoord soms 'n nominale en soms 'n verbale funksie het en in hierdie verband van die deelwoord vind ons belangrike aanduidinge van die wisselende funksionele grammatikale geslag daarvan. Dit beteken dus dat die deelwoord buiten sy formele aanduiding ook nog 'n funksionele aanduiding van die geslag het. Die deelwoord het 'n

tweeledige geslagsaanduiding naamlik manlik en vroulik (Smith, 1970:54). Die volgende situasie dui die deelwoord se geslag aan:

- a) Die vorm self gee 'n baie duidelike aanduiding van die geslag byvoorbeeld Joël 1:2.
- b) In gevalle waar die deelwoord 'n nominale funksie het, bied die meegaande werkwoordvorm 'n aanduiding van die geslag, byvoorbeeld Psalm 12:2.
- c) In gevalle waar die deelwoord 'n verbale funksie het, vind ons in die meegaande subjektiewe nomen 'n aanduiding van die geslag, byvoorbeeld Psalm 9:18.

#### 3.7.2.2. GETALSAANDUIDING

Die deelwoord kan enkelvoudig of meervoudig wees, die tussenposisie van die deelwoord is ook in hierdie geval van groot belang vir die getalsaanduiding. Ook hier kry 'n mens 'n formele en funksionele aanduiding. Die volgende gevalle gee 'n aanduiding van die deelwoord se getal (Smith, 1970:64):

- a) Die deelwoordvorm self gee 'n aanduiding van die getal, byvoorbeeld Joël 1:5.
- b) Ten opsigte van die funksionele aanduiding kry ons die volgende: As die deelwoord 'n nominale funksie het vind ons ooreenstemming in getal met die meegaande werkwoordvorm waarvan dit die subjek is, byvoorbeeld Psalm 2:4.
- c) As die deelwoord verbaal gebruik word, vind ons ooreenstemming in getal met die meegaande subjektiewe nomen, byvoorbeeld Psalm 21:8.

3.7.2.3. DIE SINTAKTIESE GEBRUIK VAN DIE DEELWOORD IN DIE SINSVERBAND

- a) Die deelwoord as deel van die subjek van 'n suiwer nominale sin (Psalm 7:12) "God is 'n betroubare regter, 'n God wat altyd die skuldiges straf".
- b) Die deelwoord as deel van 'n relatiewe uitbreiding van die subjek van 'n nominale sin (Dahood, 1966:68) (Joël 1:5).
- c) Die deelwoord as deel van die predikaat van 'n nominale sin (Joël 2:14).
- d) Die deelwoord as relatiewe uitbreiding van die predikaat van 'n nominale sin (Psalms 24:6).
- e) Die deelwoord as deel van 'n deskriptiewe uitbreiding van die predikaat van 'n byvoeglike nominale sin (Psalm 27:6). "En nou, hoog is my hoof oor my vyande rondom my ...".
- f) Die deelwoord as subjek van 'n verbale sin. (Joël 1:2).
- g) Die deelwoord as deel van 'n uitgebreide subjek van 'n verbale sin in: imperatiewe sinsverband, vokatiewe sinsverband en hiperboliese sinsverband (Psalm 6:9, 9:5 en 22:8).
- h) Die deelwoord as predikaat van 'n verbale sin (Psalm 1:6): "Waarlik die Here lei die regverdiges op hulle pad".
- i) In enkele gevalle word die genitiewe relasie in verband met die deelwoord deur middel van die preposisie (i) aangedui origens funksioneer die vorm as 'n status constructus of absolutus (Psalm 2:10 en 4:4).

### 3.7.3. DIE SINTAKSIS VAN DIE HEBREEUSE DEELWOORD

#### 3.7.3.1. DIE AKTIEWE DEELWOORD

- a) Die deelwoord dui voortgaande handeling aan in die teenwoordige tyd of in die verlede tyd, baie keer sal die hulpwerkwoord in verbinding met die deelwoord gebruik word (Williams, 1967:39), byvoorbeeld 1 Samuel 23:1 en 1 Konings 3:3.
- b) Die deelwoord dui immanente gebeure aan, (Genesis 6:17).
- c) Die deelwoord verrig 'n adjektiewe funksie, hetsy attributief of predikatief, (Joël 2:5 en 2:14).
- d) Die deelwoord dui gerundiewe handeling aan ("May be" or "is to be") (Joël 4:18).
- e) Die sinsverband en konteks bepaal of die deelwoord die hede, verlede of die toekoms aandui (Joël 1:9).
- f) Die deelwoord kan as substantief gebruik word (Joël 1:2).
- g) Die bepaalde deelwoord (met lidwoord) het dikwels betreklike betekenis en kan in Afrikaans met 'n bysin vertaal word (Genesis 12:7) (Van Rooy, 1984:34).
- h) Die deelwoord kan gebruik word om gelyktydige handeling aan te dui (1 Samuel 25:20).
- i) Die deelwoord en die hulpwerkwoord (hetsy perfektum of imperfektum) kan ook voortdurende handeling in die verlede en toekoms aandui (Jesaja 2:2).

- j) Die deelwoord druk herhaalbare, repeterende gebeure uit (2 Samuel 15:30).
- k) Na die uitroeupartikel, "kyk" druk die deelwoord 'n lewendige beskrywing uit van voortdurende gebeure in die hede, verlede of toekoms (Genesis 37:7).

### 3.7.3.2. DIE PASSIEWE DEELWOORD

- a) Die passiewe deelwoord kan as predikaat in nominale sinne funksioneer, die tydsaspek hede, verlede of toekoms word uit die sinsverband en konteks afgelei (Van Rooy, 1984:35).
- b) Die tydsaspek in die hede dui op 'n algemene waarheid of handeling wat pas gebeur het en nog voortduur (Genesis 3:5).
- c) Die tydsaspek in die verlede dui op handeling en gebeure in die verlede (Eksodus 20:18).
- d) Die tydsaspek in die toekoms dui op handeling en gebeure wat op die punt is om plaas te vind of gelyktydig plaasvind met die hoofgebeure (Genesis 7:4).
- e) Passiewe deelwoorde kan ook substantief gebruik word.
- f) Passiewe deelwoorde kan ook adjektief gebruik word, hetsy attributief of predikatief (Joël 2:2).

Vir die volledige bespreking van die Hebreeuse deelwoord word u verwys na die werk van Williams (1967:39-40).

### 3.7.4. DIE SINTAKSIS VAN DIE SIRIESE DEELWOORD

#### 3.7.4.1. DIE AKTIEWE DEELWOORD

Die deelwoord word gebruik om die huidige gebeure aan te dui, die sogenaamde: "Actual present", maar ook die herhaalde of algemene gebeure die sogenaamde: "General present" (Muraoka, 1987:43). Verder dui die deelwoord ook die toekomstige gebeure, die voornemende gebeure ("prospective present") en onmiddellike gebeure aan. Die lyn van onderskeiding tussen die gebruik van die deelwoord en die imperfektum vir die aandui van handeling en gebeure in die toekoms is baie fyn. Vergelyk veral die twee voorbeelde Genesis 2:7 en Genesis 3:5. Die deelwoord dui ook gebeure aan wat al 'n geruime tyd gebeur tot die oomblik dat daar oor gepraat word (Muraoka, 1987:44). Die deelwoord dui ook baie keer die gelyktydige gebeure met die hoofwerkwoord aan: (Genesis 2:25). Deelwoorde word ook in voorwaardelike sinne gebruik. Hieronder volg die sintaksis van die aktiewe deelwoord:

- a) Die deelwoord dui op onvoltooide gebeure in die hede, en word in die plek van 'n imperfektum gebruik (Brockelman, 1960:113) (Joël 1:18).
- b) As die deelwoordfrase ingelei word met "sê", dui dit op 'n präsens historicum (Brockelman, 1960:113).
- c) Die deelwoord dui ook toekomsgebeure aan (Nöldeke, 1898:202) (Joël 2:14).
- d) Die deelwoord dui in afhanklike sinne, gebeure in die toekoms aan en word in die plek van 'n imperfektum gebruik (Joël 2:14) (Brockelmann, 1960:113).

- e) In afhanklike sinne dui die deelwoord die gevolge/resultaat van 'n imperatief aan (Rigters 16:25) (Nöldeke, 1898:205).
- f) Die deelwoord dui ook handeling aan wat in die verlede begin het en nou in die hede voortgaan (Joël 4:17).
- g) Gelyktydige gebeure in die verlede kan ook deur die deelwoord uitgedruk word (Nöldeke, 1898:207).
- h) Die deelwoord kan ook as substantief gebruik word (Joël 1:5).
- i) Die deelwoord word ook in onderhandelingsinse gebruik.
- j) Die deelwoord dui ook algemene waarhede en repeterende gebeure aan (Nöldeke, 1898:207) (Joël 4:21).
- k) Die deelwoord kan ook adjektief gebruik word hetsy attributief of predikatief (Joël 2:3).

#### 3.7.4.2. DIE PASSIEWE DEELWOORD

Die passiewe deelwoord beklemtoon die resultaat van 'n handeling in die verlede (Muraoka, 1987:44) (Joël 1:8).

- a) Die passiewe deelwoord druk 'n voltooide handeling uit (Brockelman, 1960:114) (Joël 2:2).
- b) In die peal-stamformasie het die passiewe deelwoord aktiewe betekenis (Nöldeke, 1898:211) (Joël 2:5).
- c) Die passiewe deelwoord word in 'n nominale sin gebruik as predikaat in die plek van 'n perfektum (Nöldeke, 1898:209) (Joël 4:4).

- d) Die passiewe deelwoord in kombinasie met die hulpwerkwoord druk 'n plusquamperfektum uit (Nöldeke, 1898:210).
- e) Die passiewe deelwoord dui op 'n voltooide handeling op 'n spesifieke tydstip (Joël 2:2).
- f) Die deelwoord kan ook substantiewe betekenis hê. (Geen voorbeeld in Joël nie).
- g) Die deelwoord het ook adjektiewe betekenis hetsy attributiewe of predikatiewe betekenis (Joël 4:4).

Vir 'n volledige bespreking van die sintaksis van die Siriese deelwoord word u verwys na die werk van Nöldeke (1898:202-211).

### 3.7.5. DIE SINTAKSIS VAN DIE ARAMESE DEELWOORD

Weens die gebrek aan beskikbare bronne (vergelyk die inleidende hoofstuk) ten opsigte van die sintaksis van die Targum-Aramees word hier slegs die enkele gegewens van Stevenson, (1924:55) weergegee.

- a) Die deelwoord in die Targums gee baie dikwels die gebruik van die Hebreeuse imperfektum of konseketiewe perfektum weer (Eksodus 18:15).
- b) Die deelwoord gee gewoonlik handelinge of gebeure weer wat in die verlede of die hede gebeur het (Rigters 7:5 en 1 Samuel 5:5).
- c) Vrae wat betrekking het op die hede en in die Hebreeus deur die imperfektum weergegee is, word in die Targums met 'n deelwoord weergegee (Eksodus 2:13).

- d) Die deelwoord dui ook voortdurende gebeure aan oor 'n tydperk in die verlede of die toekoms wat normaalweg in Hebreeus deur 'n imperfektum verteenwoordig is (1 Samuel 1:13).
- e) Targum-Aramees maak baie selde gebruik van die verbinding: deelwoord-hulpwerkwoord (Stevenson, 1924:57).
- f) Die deelwoord druk die Hebreeuse modale imperfektum ("could") uit (Stevenson, 1924:50) (2 Samuel 2:22).
- g) In voorwaardelike sinne na die voorsetsel (im) en (ki) volg 'n deelwoord om die Hebreeuse deelwoord weer te gee (Josua 24:20).
- h) Soms word die deelwoord vir die sogenaamde preteritum futurum (toekoms-verlede tyd) gebruik, byvoorbeeld Genesis 43:25: "En hulle het die geskenk reggemaak teen dat Josef die middag sou kom" (Stevenson, 1924:51). Vergelyk ook paragraaf 3.6.3.3. nommer g.
- i) Die imperfektum van die hulpwerkwoord (hjh) in kombinasie met die deelwoord van 'n ander werkwoord dui op:
- 1) toekomstige tyd (Eksodus 1:16),
  - 2) tradisionele gebruike en gewoontes in die toekoms (Daniël 2:43),
- en
- 3) na die betreklike voornaamwoord (de) dui dit die resultaat aan van 'n imperatief (Esra 6:10).

- j) Die hulpwerkwoord in kombinasie met die passiewe deelwoord vervul die funksie van 'n gewone passiewe perfektum (Esra 5:11).

### 3.7.5.1. DIE AKTIEWE BYBELSE ARAMESE DEELWOORD

Die aktiewe deelwoord word gebruik om:

- a) die teenwoordige tyd aan te dui in die plek van 'n imperfektum (Bauer en Leander, 1927:290) (Daniël 2:8),
- b) om gebeure oor 'n langer of korter tydperk in die hede weer te gee (Daniël 2:26),
- c) die toekomstige tyd in die plek van 'n imperfektum weer te gee, tog gaan dit hier meer oor die werklikheid van die handeling as oor die tyds karakter (Daniël 4:22) (Van Rooy, 1975:25),
- d) om 'n jussief weer te gee (Esra 6:8),
- e) om na 'n perfektum 'n gelyktydige of herhaalde handeling in die verlede weer te gee (Bauer en Leander, 1927:293) (Daniël 5:1-5),
- f) om in die plek van 'n perfektum die verhalende en historiese teenwoordige tyd aan te dui (Daniël 6:17),
- g) om as substantief te funksioneer (Rosenthal, 1983:45),
- h) om as adjektief, attributief of predikatief te funksioneer (Rosenthal, 1983:45).

### 3.7.5.2. DIE PASSIEWE BYBELSE ARAMESE DEELWOORD

- a) Die deelwoord in kombinasie met die hulpwerkwoord verrig die funksie van 'n plusquamperfektum (Esra 5:11).
- b) Sommige deelwoorde met 'n ketil-vorm word soms met 'n aktiewe betekenis gebruik (Van Rooy, 1975:28) (Daniël 2:22).
- c) Die deelwoord kan ook as 'n adjektief, attributief of predikatief gebruik word (Bauer en Leander, 1927:297).
- d) By duratiewe werkwoorde het die passiewe deelwoord nie perfektiese betekenis nie, maar die betekenis van 'n algemene teenwoordige tyd (Esra 5:8) (Van Rooy, 1975:28).

### 3.8. SAMEVATTING

Aan die einde van hierdie hoofstuk behoort die leser oor genoegsame agtergrondkennis te beskik om die volgende drie hoofstukke na reg te kan beoordeel en om die riglyne wat gestel gaan word, krities te evalueer, of die aannames legitiem is al dan nie.

## HOOFSTUK 4

### DIE DEELWOORDE IN DIE ONDERSKEIE TALE

In hierdie hoofstuk word gebruik gemaak van die empiries-deduktiewe metode, waar die besonderhede van die deelwoord eers ondersoek gaan word. Die werkswyse wat gevolg gaan word, is soos volg: Ten eerste word die deelwoorde in hoofgroepe opgedeel byvoorbeeld aktiewe deelwoorde met 'n substantiewe funksie en andere. Daarna word die teksvers in Hebreeus, Aramees of Siries weergegee. In die derde plek word die deelwoord grammaties bespreek waartussen hakies ( ) die nommer van die deelwoord aangedui word daarna volg die aanduiding van die stamformasie: d/w die afkorting van deelwoord is, akt. = aktief of pass. = passief is. Nou volg die geslagaanduiding, ml. = manlik of vr. = vroulik. Die getalsaanduiding word weergegee deur enkv. = enkelvoud of mv. = meervoud. Aan die einde volg die aanduiding van 'n status constructus of absolutus deur die afkortings st. const. of st. abs.. Indien daar nog enige verdere uitbreidings is word dit hierna weergegee en dan volg die Afrikaanse vertaling van die stam. Na die grammatiese bespreking van die deelwoord volg die Afrikaanse vertaling van die teks, hier is baie maal van 'n letterlike of van 'n vrye vertaling gebruik gemaak. Behalwe by die substantiewe funksie, word daar na die Afrikaanse vertaling 'n sintaktiese bespreking van die deelwoord in daardie spesifieke konteks gegee. Met hierdie tersaaklike inligting, behoort die leser nou hoofstuk 4 te kan begryp.

#### 4.1. DIE DEELWOORDE IN DIE HEBREEUSE TEKS

##### 4.1.1. AKTIEWE DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE

Hiermee word bedoel deelwoorde wat in die plek van 'n naamwoord gebruik word. Hierdie substantiewe deelwoord kan die funksie van 'n onderwerp, voorwerp, indirekte voorwerp, vokatief of 'n genitief

vervul. In hierdie afdeling sal daar nie verder aandag gegee word aan watter sintaktiese rol die substantief vervul nie.

JOËL 1:2

וְהֵאֲזִינוּ כָּל יוֹשְׁבֵי הָאָרֶץ<sup>1.</sup>

(1) Qal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - woon.

VERTALING:

Gee aandag, alle inwoners van die land.

JOËL 1:5

וְהִילְלוּ כָּל-שֹׁתֵי יַיִן<sup>2.</sup>

(2) Qal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - drink.

VERTALING:

En huil al julle wynsuipers.

JOËL 1:9

אֲבָלוּ הַכֹּהֲנִים מִשְׁרַתִּי יְהוָה<sup>3.</sup>:

(3) Piel. d/w. ml. mv. st. const. - dien.

VERTALING:

Die priesters, die dienaars van Jahwe, treur.

JOËL 1:13

הִילֵלוּ מִשְׁרְתֵי מִזְבֵּחַ<sup>4</sup>

(4) Piel. d/w, ml. mv. st. const. - dien.

VERTALING:

Huil, dienaars van die altaar.

JOËL 1: 13

בָּאוּ לִינוּ בַשִּׁקִּים מִשְׁרְתֵי אֱלֹהִים<sup>5</sup>

(5) Piel. d/w. ml. mv. st. const. - dien.

VERTALING:

Kom, beklee julle in rou klere, dienaars van my God.

JOËL 2:1

יִרְגְּזוּ כָּל יוֹשְׁבֵי הָאָרֶץ<sup>6</sup>

(6) Qal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - woon.

VERTALING:

Laat al die inwoners van die land bewe.

JOËL 2:11

כִּי עָצוּם עֲשֶׂה דְבָרוֹ

(7) Qal. d/w. akt. ml. enkv. st. const. - doen.

VERTALING:

Want sterk is die uitvoerder/dienaar van sy woord.

JOËL 2:16

אֶסְפוּ עֹלְלִים וַיִּנְקִי שָׂרִים

(8) Qal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - suig.

VERTALING:

Versamel die kinders en die suigeling (suigers van borste).

JOËL 2:17

יִבְכּוּ הַכְּהֹנִים "מִזְשָׁרְתֵי יְהוָה"

(9) Piel. d/w. ml. mv. st. const. - dien.

VERTALING:

Laat (hulle ween) die priesters, die dienaars van die Here, ween.

4.1.2. DEELWOORDE MET 'N ADJEKTIEWE FUNKSIE

Hier word bedoel deelwoorde wat 'n byvoeglike funksie vervul, hetsy in 'n attributiewe of predikatiewe posisie. Die attributiewe funksie is 'n byvoeging by 'n selfstandige naamwoord. Die predikatiewe funksie vorm deel van die predikaat of kopula-predikaat van nominale sinne. Die tydsaspek van die deelwoord word uit die konteks afgelei.

4.1.2.1. AKTIEWE DEELWOORDE IN 'N ATTRIBUTIEWE POSISIE

JOËL 2:5

כְּקוֹל לְהַב אֵשׁ אֲכַלָּה<sup>10.</sup> קֶשׁ

(10) Qal. d/w. akt. vr. enkv. - verteer/eet.

VERTALING:

Soos die geluid van vuurvlamme wat kaf verteer.

BESPREKING:

Hierdie deelwoord kwalifiseer die naamwoord en het 'n betreklike funksie. Verder druk die deelwoord 'n blywende toestand uit.

JOËL 4:17

שֹׁכֵן בְּצִיּוֹן הֵר־קְדֹשׁ<sup>11.</sup>

(11) Qal. d/w. akt. ml. enkv. - woon.

VERTALING:

Dat Ek die Here julle God is, wat woon op Sion, My Heilige Berg.

BESPREKING:

Die deelwoord word hier betreklik gebruik en dui op 'n durende toestand wat altyd geldend is.

4.1.2.2. PASSIEWE DEELWOORDE MET ATTRIBUTIEWE FUNKSIE

JOËL 2:2

כְּשֶׁחָרָה פָּרַשׁ<sup>12.</sup> עַל-הַהָרִים

(12) Qal. d/w. pass. ml. enkv. - uitsprei.

VERTALING:

Soos die mōreskemering wat uitsprei oor die berge.

BESPREKING:

In hierdie geval is die deelwoord betreklik gebruik en kwalifiseer die naamwoord waarop die deelwoord betrekking het.

JOËL 2:5

כְּעַם עֲצוּם עָרֹךְ מִלְחָמָה:

(13) Qal. d/w. pass. ml. ekv. st. const. - opstel.

VERTALING:

Socs 'n magtige volk wat opgestel word vir 'n geveg.

BESPREKING:

Die deelwoord verrig ook hier 'n betreklike funksie en kwalifiseer die naamwoord waarop die deelwoord betrekking het.

JOËL 2:13

וְנַחֵם עַל-הָרָעָה:

(14) Nif. d/w. pass. ml. enkv. - berou hê.

VERTALING:

En een wat berou het oor ongeregtigheid.

BESPREKING

Die deelwoord het hier 'n betreklike funksie en kwalifiseer die naamwoord waarop die deelwoord betrekking het.

JOËL 3:4

לְפָנַי בּוֹא יוֹם יְהוָה הַגָּדוֹל וְהַנּוֹרָא:<sup>15.</sup>

(15) Nif. d/w. akt. ml. enkv. - vrees.

VERTALING:

Voordat die groot en vreeslike dag van die Here kom.

BESPREKING:

Die deelwoord is ook in hierdie geval attributief gebruik. Verder dui die konteks op gebeure in die nabye toekoms. Die sogenaamde "Futurum Instans".

4.1.2.3. AKTIEWE DEELWOORDE MET PREDIKATIEWE FUNKSIE

JOËL 2:14

כִּי יוֹדַע יָשׁוּב וְנָחַם<sup>16.</sup>

(16) Qal. d/w. akt. ml. enkv. - weet/ken.

VERTALING:

Wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie.

BESPREKING:

Hier funksioneer die deelwoord as 'n predikaat in 'n nominale sin en dui op 'n durende handeling in die hede. (Williams, 1967:40).

JOËL 2:19

הַנְּנִי שִׁלַּח<sup>17.</sup> לָכֶם אֶת-הַדֶּגֶן וְהַתִּירֹשׁ

(17) Qal. d/w. akt. ml. enkv. - stuur.

VERTALING:

Kyk, Ek sal vir julle brood en wyn stuur.

BESPREKING:

Die deelwoord vorm die predikaat in 'n nominale sin, verder is die tydsaspek hier baie belangrik veral na die uitroepartikel "Kyk" en dui op 'n lewendige vertelling in die toekoms. (Van Rooy, 1984:34), die sogenaamde "Futurum-Instans" (G.K.C., 1987:360).

JOËL 3:5

אֲשֶׁר יִהְיֶה קוֹלֵא<sup>18.</sup>:

(18) Qal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - roep.

VERTALING:

Die een vir wie die Here roep.

BESPREKING:

Hierdie deelwoord vorm die predikaat in 'n nominale sin, verder

dui hierdie deelwoord 'n algemene tyd in die hede aan. Hierdie nominale sin word deur die relatiewe voornaamwoord ingelei en dui verder op 'n kausale gebeure.

JOËL 4:4

הַגְּמוּל אֲתֶם מִשְׁלָמִים<sup>19</sup> עָלַי

(19) Piel. d/w. akt. ml. mv. - doen/poog.

VERTALING:

Wil julle My iets vergeld.

BESPREKING:

Ook hier is die deelwoord die predikaat in 'n nominale sin en dui op 'n durende handeling in die nabye toekoms, die sogenaamde "Futurum Instans".

JOËL 4:4

וְאִם-זָמַלְתֶּם<sup>20</sup> אֲתֶם עָלַי

(20) Qal. d/w. akt. ml. mv. - wreek.

VERTALING:

Of wil julle My iets aandoen.

BESPREKING:

Ook hierdie deelwoord is deel van die predikaat van 'n nominale sin en dui op gebeure in die nabye toekoms. Verder word hierdie nominale sin ingelei die partikel <sup>2</sup>lm, wat hierdie tweede deel van 'n dubbele vraag aandui. Die eerste vraag, in die vorige sin, word deur die vraagpartikel h ingelei.

JOËL 4:7

הִנְנִי מוֹעִירָם בְּמִן-הַמָּקוֹם<sup>21.</sup>

(21) Hif. d/w. akt. ml. enkv. met suffiks 3 ml. mv. - opstaan.

VERTALING:

Kyk, Ek sal hulle laat opstaan uit die plek ...

BESPREKING:

Die deelwoord vorm deel van die predikaat van 'n nominale sin. Verder staan die deelwoord ook in kombinasie met die uitroep-partikel "Kyk" en dit dui op 'n lewendige vertelling, verder wys die konteks van die vers op 'n tyd in die nabye toekoms. (Van Rooy, 1984:34).

JOËL 4:17

וַיְהִינָה שֹׁכֵן בְּצִיּוֹן׃<sup>22.</sup>

(22) Qal. d/w. akt. ml. enkv. - woon.

VERTALING:

En die Here woon - (is wonend) op Sion.

BESPREKING:

Hierdie deelwoord is predikatief gebruik en dui op 'n altyd geldende durende toestand.

JOËL 2:11

וְנוֹרָאָה קְאֵר וּקְרִי יְכִיָּלָנוּ: <sup>23. 0</sup>

(23) Nif. d/w. akt. ml. enkv. - vrees.

VERTALING:

Want groot is die dag van die Here en baie vreeslik, en wie kan dit verduur.

BESPREKING:

Die deelwoord word hiër as predikaat in 'n nominale sin gebruik. Verder dui dit 'n algemene waarheid aan. Die konteks dui op 'n teenwoordige tyd.

4.2. DIE DEELWOORDE IN DIE ARAMESE VERTALING

4.2.1. DEELWOORDE MET 'N SUBSTANTIEWE FUNKSIE

Vergelyk die inleidende paragraaf by punt 4.1.1 wat ook handel oor

hierdie gebruik en die gebruik stem ooreen in al die Semitiese tale.

4.2.1.1. AKTIEWE DEELWOORDE

JOËL 1:2

כָּל יְתָבִי אֲרַעָא<sup>24.</sup>

(24) Peal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - woon.

VERTALING:

Hoor dit oudstes en luister alle inwoners van die land.

JOËL 1:5

וְאֵילִילוּ כָּל שְׂתֵי חָמֵר<sup>25.</sup>

(25) Peal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - drink.

VERTALING:

En weeklaag alle wynsuipers.

JOËL 1:11

בְּהִיתוֹ אֵיכָרִיא אֵילִילוּ מִפְּלֶחֶי כְרָמִיא<sup>26.</sup>

(26) Afel. d/w. akt. ml. mv. st. const. - bewerk.

VERTALING:

Skaam julle boere, weeklaag bewerkers van die land.

JOËL 1:14

כָּל יְתֵבֵי אֶרֶץ <sup>27.</sup>

(27) Peal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - woon.

VERTALING:

Sit n vasdag uit, roep n vergadering bymekaar, vergader die oudstes, al die bewoners van die land.

JOËL 2:1

יִזְעַק כָּל יְתֵבֵי אֶרֶץ <sup>28.</sup>

(28) Peal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - woon.

VERTALING:

Laat hulle bewe alle bewoners van die aarde.

JOËL 2:11

אֲרֵי תִקְיֹפֵן עֲבָדֵי מִיַּמְרֵיהָ <sup>29.</sup>

(29) Peal. d/w. akt. ml. mv. st. const. - doen.

